IMPAK-VERSLAG

#Train4Fees

1 Junie – 31 Augustus 2020

ALUMNI

UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918 · 2018

#Train4Fees

Danksy ons skenkers se vrygewigheid en bydraes is ons uiters tevrede met die veldtog. Dis hierdie getroue ondersteuning wat dit vir ons Matie-studenteatlete moontlik maak om hulle akademiese jaar suksesvol af te handel.

~ Hans Scriba, Projekbestuurder: #Train4Fees

Inhoudsopgawe

Hoekom #Train4Fees? 2

Waaroor gaan #Train4Fees? 3

Wat vertel die getalle oor #Train4Fees? 4

Wie het by #Train4Fees gebaat? 5

Wie het fondse vir #Train4Fees ingesamel? 6

Hoe bestuur ons #Train4Fees fondse? 8

Dankiesê 8

Hoekom #Train4Fees?

Die Covid-19-pandemie: 'n historiese waterskeiding in die vorm van 'n openbaregesondheidskrisis wat alle voorgangers oortref en 'n nuwe normaal geskep het. Dit het ongelykhede en maatskaplike uitdagings so skerp blootgelê dat ons moes leer om kopskuiwe te maak, ons werk op nuwe maniere te doen en slaggereed te wees vir nuwe situasies wat opduik.

Die uitkringeffek van die pandemie en die ekonomiese verliese wat dit meegebring het, is tot in die verste uithoeke gevoel. Talle Maties het dit ook ervaar. Hoewel die Universiteit na nood-afstandsonderrig en leer moes oorskakel, het ons terselfdertyd besef daar is nog 'n duisternis ander uitdagings wat ons moet oorkom, van swak internettoegang tot sistemiese probleme. Een daarvan is studente wat hulle finansiële ondersteuningstrukture verloor het.

Namate die landwye grendeltyd voortgeduur het, het dit duidelik geraak dat ons studenteatlete finansiële ondersteuning dringend nodig het om tot aan die einde van hierdie jaar te kan vasbyt.

Terwyl ons alles in ons vermoë gedoen het om met die akademiese projek voort te gaan, het die Afdeling Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge die #Train4Fees-veldtog in samewerking met Maties Sport van stapel gestuur om studenteatlete te ondersteun wat weens Covid-19 swaarkry. Die driemaande-veldtog is op 1 Junie geloods en op 31 Augustus 2020 afgesluit.

Die publiek is gevra om óf geld aan ons fondswerwers te skenk óf aan die veldtog deel te neem deur te hardloop, fiets te ry, skaatsplank te ry, kragloop te doen – watter soort fiksheidsoefening hulle ook al geniet. Mense kon ons ook ondersteun deur as fondswerwers vir #Train4Fees te werk en fondse in te samel met elke kilometer wat hulle aflê.

Matie-gees het in die hitte van die veldtog sterk gegloei. Daar was selfs 'n vyfjarige deelnemer wat elke dag gestap het om fondse vir ons studenteatlete in te samel.

Ons is onbeskryflik dankbaar oor al die ondersteuning wat #Train4Fees ontvang het, en ons waardeer die vrygewigheid van ons Matie-familie, wat altyd 'n hand uitsteek wanneer ons hulp die heel nodigste het.

Karen

Karen Bruns
Senior Direkteur: Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge

Waaroor gaan #Train4Fees?

Ons wil ons studenteatlete die beste kans moontlik op studiesukses bied deur die las van bekommernis oor studiegeld en lewenskoste van hulle skouers af te haal. Tydens 'n pandemie kan ons verwag dat groter getalle studente bykomende ekonomiese uitdagings gaan beleef en eksterne hulp gaan nodig kry om hulle drome te verwesenlik deur te gradueer en 'n loopbaan te begin bou.

Die volle koste van studie behels veel meer as klasgeld. Alle studente het behoorlike verblyf en voeding, leermateriaal en internettoegang nodig. Studenteatlete het egter bykomende hoëprestasiesteun nodig om op die hoogste vlak mee te ding. Daarom het ons na almal in die Maties- sportfamilie uitgereik wat ons waardes deel en geleenthede vir akademies talentvolle sportsterre wil skep. Só het die #Train4Fees-veldtog op die been gekom.

Ons aanvanklike teiken was om R1,2 miljoen binne 60 dae in te samel. Ons het egter gou ingesien dat nie die bedrag óf die tyd genoeg gaan wees om al ons behoeftige studenteatlete te help nie. Daarom het ons "beseringstyd" ook benut: Ons het nog 30 dae vir #Train4Fees by die telbord gevoeg, en die nuwe teiken waarna ons mik na R2 miljoen opgeskuif.

Aan die einde van die veldtog het 109 persone aktief fondse ingesamel en vir die verstommende afstand van 61 725 km die hakskene gewys. Altesaam R1 852 680 is binne drie maande ingesamel, wat 'n reddingsboei vir ons studenteatlete was in 'n jaar vol ongehoorde uitdagings.

Wat vertel die getalle oor #Train4Fees?

Fondsinsamelings-tydperk:

1 Junie – 31 Augustus 2020

R1 852 680

Totale bedrag ingesamel

Jongste fondswerwer:

Mikey Allcock,

5 jaar oud, R9 500 ingesamel

61 725 km

Totale getal kilometer afgelê

R41 032

Gemiddelde bedrag bystand per studenteatleet

109

Fondswerwers wat deelgeneem het

Skenkings volgens platform:

Direkte deposito's: R1 562 078,
GivenGain: R281 432,
SnapScan: R9 170

481

Totale getal skenkings

Total aantal studente wat gaan baat

44 hoëprestasie studenteatlete

Wie het by #Train4Fees gebaat?

Die fondswerwers in die veldtog het alumni, vriende, afrigters, personeel, studente en Maties-ondersteuners ingesluit, en hulle toewyding het verseker dat ons studenteatlete hulle akademiese jaar kan afhandel sonder die bekommernis daarvan om hulleself te moet onderhou. Die demografiese profiel van studente wat gebaat het by die bystand wat die #Train4Fees-veldtog kon verskaf, lyk só:



Die studente wat by die veldtog gebaat het, volg verskillende graadprogramme wat oor verskeie fakulteite heen versprei is. Die meeste is by Lettere en Wysbegeerte of by Ekonomiese en Bestuurswetenskappe ingeskryf.



#Train4Fees-begunstigdes per sportkode

Die studenteatlete wat met #Train4Fees-fondse bygestaan is, neem aan 'n wye verskeidenheid sportkodes deel wat onder die Maties Sport-sambreel ressorteer.



Ontmoet ons fondswerwers

As 'n mens let op die omstandighede waarin #Train4Fees onderneem is, sien jy dat die fondswerwers 'n deurslaggewende rol veldtog vervul het. Dit is aan die gesamentlike inspanning van die 109 fondswerwers te danke dat die veldtog genoeg vastrapplek kon kry om die wenstreep oor te steek. Ons besef die waarde van die energie en toewyding wat ons fondswerwers daarin geploeg het om #Train4Fees so 'n volslae sukses te maak, en ons waardeer dit terdeë.

"Hierdie veldtog het gewys dat, wanneer mense saamstaan en hulle hulpbronne bymekaarvoeg, ons groot krag het om lewens ten goede te verander."

- Hans Scriba, Projekbestuurder: #Train4Fees

"Ek het byna elke dag gaan stap, selfs op bewolkte dae, om geld in te samel vir die studente by die Universiteit wat aan sport deelneem. Dit is so lekker om mense te help, en ek is bly dat dit ek ook kon doen, al is ek nog klein."

- Mikey Allcock, jongste #Train4Fees-fondswerwer (5 jaar)

"Ek het by #Train4Fees betrokke geraak omdat dit 'n wonderlike geleentheid is om my medestudente te help."

- Danielle van Nieuwenhuizen, Maties Netbal



"Hierdie veldtog het ons die geleentheid gebied om terug te ploeg en medestudente te help wat egte sportentoesiaste is."

- Ru Baker, Maties Hokkie

"Hierdie veldtog was superbevredigend. Ek kon 'n goeie saak ondersteun én ek kon buite wees en aktiewer as gewoonlik leef."

- Hayden Byrne, Maties Krieket

"Ek wou eenvoudig deel wees van die oplossing en die verhale wat elke skenker vertel het, want dit het my hart warm laat klop."

- Tandokazi Feni, #Train4Fees-fondswerwer

Hoe bestuur ons #Train4Fees se fondse?

Fondse wat deur die #Train4Fees-veldtog ingesamel word, word onder 'n spesiale kostepunt toegeken. Die fondse word volgens die meriete van elke geval uitbetaal ooreenkomstig voorafbepaalde riglyne, en dieselfde prosesse van behoorlike omsigtigheid geld soos in die US se Finansiële Beleid en die kriteria vir die US se Noodfonds uiteengesit. Fondse word uit die #Train4Fees-rekening toegeken aan studente wat daarvoor in aanmerking kom. Die US Afdeling Beurse en Lenings behartig die administrasie daarvan.

Dankiesê

Ons veldtog was daarop ingestel om studenteatlete by te staan wat weens die uitwerking van Covid-19 finansieel behoeftig geraak het. Dit is danksy die getroue ondersteuning van die Matie-gemeenskap dat ons genoeg geld kon insamel om bystand aan ons sportsterre te verleen. Ons skenkers se vrygewigheid in hierdie moeilike tyd is die toonbeeld van wat dit beteken om 'n Matie te wees wat deur Maties ondersteun word.

Hoewel ons nog altyd sorg dat geen student in 2020 agtergelaat word nie, is ons werklik dankbaar en voel ons geseënd deur die verbondenheid wat ons skenkers met die Universiteit Stellenbosch betoon het. Dit is aan julle toe te skryf dat ons nou kan verseker dat ons studenteatlete die beste moontlike kans het om sukses in 2020 te behaal.

Baie dankie vir julle volgehoue ondersteuning!

"#Train4Fees het aan Matie-atlete 'n reddingsboei verskaf in 'n jaar waarin hulle ongekende uitdagings moes oorkom. Ons is dankbaar en waardeer die ondersteuning wat ons studenteatlete ontvang het."

- Sean Surmon, Adjunkdirekteur: Hoë Prestasie, Maties Sport

MAAK MET ONS KONTAK:

www.matiesalumni.com
www.matiesconnect.com

Volg ons op sosiale media

Stellenbosch Alumni

@MatiesAlumni

@SU_Alumni

ALUMNI
UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY
100
1918 · 2018